PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

4 Junie 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie Welkom: Program van die dag

09:00 Oggenddiens - Ds Pieter Nel
10:00 Geloofsvormingsgroepe in hulle onderskeie lokale

Deurkollekte: Bybelgenootskap

Hoogland sê Dankie ...

Baie dankie vir die mildelike bydraes wat ontvang is vir ons Noodspens. Dit maak werklik 'n verskil in ander mense se lewens.

Beveiliging van eiendom: Ons wil die Gemeente net weer bewus maak om asb. hul motorsleutels/handsakke te alle tye by hul te hou.

Program vir die Week:

Dinsdag: 6 Junie
14:00 Vroue Bybelstudie
18:00 *Unlocking the Bible* - kursus saam met Paul Stoltz in die Raadsaal

Woensdag: 7 Junie
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag, 8 Junie
10:30 Woord Werkgroep

Vrydag: 9 Junie
05:15 Mannebediening

Maak gerus van een van hierdie metodes gebruik vir u dankoffers en Sondag kollektes:

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Hoogland Gebedsaksie

Kom bid saam vir Hoogland, die Baai, die wêreld en spesifieke gebedsversoeke, elke Maandag om 10:00 in die gebedskapel.

U is welkom om gebedsversoeke te Whatsapp na: 079 815 9325, of in die Gebedsversoeke houer buite die Kapel te plaas. Hierdie versoeke sal vertroulik hanteer word.

Kinderoord MTR SMIT Children's Haven

BAIE DANKIE!

Baie dankie aan elkeen wat iets ekstra gegee het vir MTR Smit tydens die deurkollekte, asook die inbetalings by Hoogland wat ontvang is.

Saam met die gemeente bydrae, is 'n bedrag van R 15 553.58 aan MTR Smith oorbetaal wat hulle na goeddunke sal aanwend.

Uit die kerkraad

Liewe Hoogland,

Die leiers van Hoogland het die afgelope week ontmoet. Een van die waardes wat die kerkraad deur `n lang proses van onderskei het, is deursigtigheid. Om hierdie rede deel ek graag met die familie die volgende:

1) Nuutverkose ondervoorsitter:

Nadat die vergadering kennis geneem het dat die huidige ondervoorsitter weens persoonlike redes bedank, het ons diep bewus geraak van die belangrike keuse wat gemaak moet word. Ons het die Here se leiding in gebed gevra en so is Jacques van Niekerk as die ondervoorsitter van die kerkraad aangewys.
Jacques: mag die Here jou met jou gawes gebruik in dienende leierskap by Hoogland.

2) Ondersteuning aan MTR Smit, Lavender Lodge en Isithembiso

Aan die begin van COVID is 'n spesiale COVID-fonds gestig om mense wat finansiële hulp as oorbrugging nodig gehad het, te ondersteun. Die beleid was so geskryf dat die kerkraad die fonds ná die pandemie kan termineer en die fondse in alimentasie gebruik. Van die beskikbare fondse in hierdie rekening word R4000 gehou om mense wat nood het en by Hoogland kom aanklop, te help. Die res is gelykop verdeel tussen MTR Smit, Lavender Lodge en Isithembiso. Elkeen van hierdie organisasies ontvang R6000 vanaf Hoogland.

3) Finansies terugvoer:

Komende Sondag sal Tommie van der Mescht terugvoer gee rakende Hoogland se finansiële jaar geëindig Februarie 2023, asook die begroting vir die huidige finansiële jaar.

Vir enige vrae is u altyd welkom om my direk, of die kerkkantoor te skakel.

Groete in Christus

Ds Pieter

Uit die hart ....

Die Griekse woord wat gebruik word om na Heilige Gees te verwys, is die woordjie: *parakleet*. Die betekenis van hierdie woorde is beskrywend: *die Een wat langs jou inkom om jou te ondersteun / dra / vertroos*. Dit is selfs gebruik om na 'n advokaat te verwys wat jou saak stel en jou as kliënt ondersteun. Heilige Gees kom langs ons in sodat ons nooit alleen hoef te wees nie.
Lees gerus die volgende uittreksel uit Bill Hybels se boek: *The God You're Looking For* (vry in Afrikaans vertaal):

Terwyl ek geleer seil het, vertel Bill Hybels, het my pa dikwels gesê: "Gaan seil gerus, neem die boot, maar neem altyd 'n vriend saam met jou."

Om 'n seilboot van 15 meter te hanteer op 'n meer die grootte van die Michiganmeer is 'n groot verantwoordelikheid. Maar ek sou 'n vriend saamneem, ons sou by die hawe uitvaar, die seile hys, en die oop water van die meer aandurf. Wanneer ek 'n dreigende wolkformasie sien naderkom, of agterkom dat die windspoed begin toeneem, sou ek my terughaas land toe, die seile stryk, en eers weer kalmeer nadat ons veilig aan land was en die boot veilig aan die kaai geanker was. Dit was lekker om altyd 'n vriend by my te hê, maar ek het geweet 'n maat sou nie veel werd wees in 'n storm nie.

Ander kere sou my pa bietjie vroeër van die werk af kom en ons sou saam gaan seil. Terwyl ek met pa uit was op die water, het ek eintlik gehoop vir malende wolkmassas en sterk wind. Ek het die gevoel van sterk wind en groot branders geniet terwyl ek saam met pa was.
My pa het regoor die Atlantiese oseaan geseil. Hy het op 'n keer vyf dae lank deur 'n orkaan op 'n seilboot geworstel. Hy was 'n veteraan. Ek het geweet hy sou alles kon hanteer waarmee die Michiganmeer ons kon konfronteer. Alles het verander wanneer my pa saam aan boord was.

Ds Pieter